

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2019/02/18	2019/02/15		2019/02/11		2019/01/21		2018/02/19	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%
Brent (\$/b)	66.35	1.55	2.4%	64.80	6.9%	62.05	6.0%	62.61	1.3%
US\$: ? ZAR	14.04	-0.010	-0.1%	14.05	3.3%	13.59	1.5%	13.83	20.2%
ACBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 070.51	-6	-0.3%	R 2 076.41	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Mar + -12 : 00 the previous day				
ACBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 601.08	-21	-0.8%	R 2 622.55	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Mar + -12 : 00 the previous day				
ACBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 681.11	-1	0.0%	R 4 682.38	*CBOT Mar cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Mar + -12 : 00 the previous day				
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)									
Mielies Mar '19	374.60	-0.80	-0.2%	375.40	0%	374.20	-2%	381.60	-7%
Koring Mar '19	504.20	-3.80	-0.7%	508.00	-3%	517.20	-3%	517.60	-6%
Sojabone Mar '19	907.40	0.40	0.0%	907.00	-1%	914.40	-1%	916.60	-11%
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))									
SORGHUM Mar '19	3820.00	0	0.0%	3820.00	0.0%	3820.00	1.9%	3750.00	27.3%
WMAZ Spot	2662.00	-55	-2.0%	2717.00	-3.9%	2771.00	-18.1%	3249.00	49.9%
WMAZ Jul '19	2792.00	-64	-2.2%	2856.00	-3.3%	2888.00	-17.5%	3385.00	30.7%
YMAZ Spot	2600.00	-22	-0.8%	2622.00	-2.4%	2663.00	-7.7%	2818.00	39.8%
YMAZ Jul '19	2665.00	-12	-0.4%	2677.00	-1.4%	2704.00	-5.9%	2832.00	24.2%
SOY Spot	4780.00	-53	-1.1%	4833.00	0.6%	4752.00	-1.6%	4859.00	7.2%
SOY Mei '19	4894.00	-63	-1.3%	4957.00	0.4%	4875.00	-2.5%	5020.00	6.8%
SUN Spot	5268.00	-32	-0.6%	5300.00	-4.2%	5500.00	-9.9%	5850.00	13.7%
SUN Mei '19	5218.00	-49	-0.9%	5267.00	-0.4%	5241.00	-9.0%	5737.00	12.7%
WHEAT Spot	4559.00	-4	-0.1%	4563.00	0.8%	4525.00	3.4%	4410.00	28.4%
WHEAT Mar '19	4562.00	-15	-0.3%	4577.00	0.4%	4546.00	2.1%	4470.00	28.6%
OLIESADE (US\$/ton)	2019/02/15	Bron: Oilworld		2019/02/08	2017/11/13	2016/12/12			
Soya-oil, Arg.	677			-2.0%	691	-12%	769	0%	676
Soya-pell, Arg.	325			0.3%	324	-4%	339	-12%	368
Soybean, USA	383			-0.3%	384	-7%	410	-7%	410
USA Runner 40/50	1300			0.0%	1300	-19%	1600	0%	1300
Sun-oil, Arg.	665			0.8%	660	-12%	755	-17%	800
Sun-oil, Black Sea	675			0.0%	675	-10%	750	-10%	750
Sunseed,Black Sea	365			0.0%	365	-9%	400	-11%	409
Rapeseed, EU cif	420			-2.1%	429	-1%	425	5%	399
Palm oil Mal, EU	745			4.2%	715	-49%	1470	-28%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE									
Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit vir die week. Die ondersteunende faktore wat aan die mark gebied is deur die produksie verliese in Suid Amerika is hoofsaaklik geneutraliseer deur die laer Chinese sojaboon invoere en verwerking vir die seisoen. Gegewe die groot wêreld voorraad van sojabone is daar steeds van die internasionale analiste wat van mening is dat Amerikaanse sojaboon pryse oor gewaardeer is en verder onder druk kan kom. Teen die huidige prysvlakke in die VSA is daar steeds goeie insentief vir produsente om sojabone aan te plant hierdie seisoen en is die verwagting dat daar nie groot veranderinge behoort te wees in die oppervlakte wat in die VSA aangeplant sal word nie. Die VSA het reeds groot sojaboon voorrade beskikbaar ten spyte van die afwaartse aanpassing in die Amerikaanse produksie wat verlede week in die nuutste verslag gerapporteer was. Indien die produksietoestande vir die nuwe seisoen normaal is, is daar 'n groot moontlikheid dat die Amerikaanse sojaboon voorraad gedurende die 2019/20 seisoen verder behoort toe te neem wat die Amerikaanse pryse onder druk sal hou. In Suid Amerika is die verwagting dat die Brasiliaanse produksie vir die seisoen ongeveer 113 miljoen ton sal bereik, wat die laagste produksie die afgelope 3 jaar sal wees. In Argentinië word die produksie vir die seisoen op 51 miljoen ton geskat wat 'n goeie oes vir Argentinië is. Dit is ook aansienlik beter as die vorige seisoen se 37.8 miljoen ton. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die NOK se eerste produksie skatting vir die seisoen word volgende week bekend gemaak en dit sal meer sekerheid gee rakende wat vir die komende seisoen verwag kan word in terme van die produksie.									
Sonneblomsaad: Die sonneblomsaad mark in die westelike gedeeltes van Europa en die in die Swartsee streek het die afgelope paar weke weer ondersteuning gevind hoofsaaklik as gevolg van die toename in die sonneblom olie invoere asook die herstel in die sonneblomsaad aankope deur Turkye. In Rusland was die produsente verkope van sonneblomsaad die afgelope tyd redelik laag gewees en dus het die ondersteuning aan die pryse daar gebied. Dit behoort weer produsente verkope te stimuleer in die volgende paar weke wat weer die mark onder druk behoort te plaas. In die Oekraïne het die verwerking van sonneblomsaad gedurende September tot Desember 'n nuwe rekord bereik, maar daar is steeds groot hoeveelhede sonneblomsaad beskikbaar in die Oekraïne. In die wêreld konteks is die beskikbare sonneblomsaad voorraad ongeveer 2.4 miljoen ton meer as die vorige seisoen se voorraad teen dieselfde tyd van die seisoen. Die verwagting is dus dat die verwerking van sonneblomsaad globaal behoort toe te neem die res van die seisoen. Plaaslik: Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel met die meeste van die naby maand kontrakte wat laer gesluit het vir die week terwyl die verder maand kontrakte ondersteuning gevind het en effens sterker verhandel het vir die week. Daar het steeds sonneblomsaad aanplantings plaasgevind nadat die NOK se voorlopige oppervlakte bekend gemaak was en dus sal volgende week se nuutste NOK verslag ook meer sekerheid aan die mark bring rakende die oppervlakte aangeplant vir die seisoen.									
Kanola: Die kanola voorraad in die lande waar die grootste verbruik plaasvind is aansienlik meer as die vorige seisoen se skatting teen dieselfde tyd van die jaar. Dit is hoofsaaklik as gevolg van 'n opwaartse aanpassing van die voorraad in Kanada en die EU. Die skatting vir die wêreld eindvoorraad vir die 2018/19 seisoen is ongeveer 1 miljoen ton opwaarts aangepas vanaf die vorige skatting wat 'n maand gelede gedoen was. Die laer uitvoere vanaf Kanada wat gedurende Julie tot Desember 2018 plaasgevind het tesame met die opwaartse aanpassing in die seisoen se voorraad het die kanola voorraad in Kanada teen einde Desember 2018 'n alle tye hoogtepunt van 14.55 miljoen ton bereik. Plaaslik: In die NOK se 6de produksie skatting van wintergrane, was die kanola produksie vir die seisoen onveranderd gelaat vanaf die vorige skatting teen 103 950 ton.									
Grondbone: In die internasionale konteks word die grondbone produksie vir die seisoen op 29.3 miljoen ton geskat. Dit is onveranderd vanaf die vorige skatting wat 'n maand gelede gedoen was. Die produksie vir die seisoen is egter ongeveer 7.5% laer as die vorige seisoen se produksie van 31.7 miljoen ton. Die totale verbruik vir die seisoen word op 29.83 miljoen ton geskat wat beteken dat die wêreld eindvoorraad van grondbone aan die einde van die 2018/19 seisoen slegs 1.7 miljoen ton te wees teenoor die vorige seisoen se eindvoorraad van 2.3 miljoen ton. Plaaslik: In die plaaslike konteks is dit hierdie seisoen glad nie 'n goeie grondboon jaar nie. Die weerstoestande tydens planttyd was baie ongunstig en dus was daar baie min grondbone aangeplant vir die seisoen.									
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za									